

18 Mei

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26 (1983/53-vertaling)
Fokusgedeelte: Galasiërs 5:16**

Laat die Heilige Gees jou die lewenspad wys

Wanneer jy in die bos stap saam met 'n gids en hy sê vir jou om op die grondpaadjie te bly stap, anders gaan jy in dorings trap en in gate val, dan gaan jy mos in die paadjie bly stap. Jy glo dat die gids ervaring het van die bos en die pad ken omdat hy dit al gestap het.

Die Here leer ons deur sy Woord dat ons in die Gees moet wandel. Hierdie "wandel" soos dit in die 1953-vertaling staan, beteken om aan te hou om te loop soos die Heilige Gees jou deur die Woord lei.

Christus het jou sondes aan die kruis op Hom geneem. Jy is 'n nuwe mens in Christus. Hy het klaar die pad gestap in hierdie lewe wat ons nog moet stap. Hy ken al die gevare wat op die pad mag wees, en daarom wil Hy jou lei sodat jy nie in die dorings en gate van die lewe trap nie. Wanneer jy jou deur die Heilige Gees laat lei, sal jy in staat wees om weerstand te bied teen Satan wat jou wil verlei, die sondige wêreld wat jou in sy greep wil kry, en jou eie sondige natuur wat in stryd is met wat die Heilige Gees vir jou wil hê.

Die Heilige Gees waarsku jou deur die Woord waar gevaar is, byvoorbeeld Galasiërs 5:19-21. Die Heilige Gees wys jou ook wanneer jy op die regte paadjie wandel, byvoorbeeld Galasiërs 5:22-26. Omdat ons weet dat ons die Here met alles in ons lewe kan vertrou, kan ons sy rigtingwysers in hierdie lewe, wat Hy deur die Woord en Heilige Gees gee, met volle geloofsvertroue volg.

Sing: Psalm 25:2, 7 (1936)

Ds. R (Riaan) J van Vuuren (Hendrina/Carolina)